



ARC-Institute for Agricultural Engineering

LNR-Instituut vir Landbou-ingenieurswese

Radiopraatjie: deur Chris Pretorius van die Meganisasie afdeling
by LNR – Instituut vir Landbou Ingenieurswese

Die Ontwikkeling van ‘n presisie spuit.

Ons is gekontak deur ‘n LNR navorser met die versoek om n spuit te ontwikkel wat spuitstof toedien aan die plant of cultivar op mees koste en effektiwste wyse moontlik, aangesien die spuitstof/gif baie duur is.

Na n paar prototipes en navorsing , is ‘n spuit ontwikkel wat aan die navorser se spesifieke behoeftes voldoen en wat dus op vasgestelde intervalle op die plant spuit.

Eienskappe:

Die toediening van die spuitstof op elke plant moet dieselfde wees bv 10ml per plant en wil dan ook so gou moontlik die spuitwerk doen met ongeskoolde aarbeid.

Die spuit maak gebruik van n tenk met ‘n beheerder wat agter op ‘n bakkie of trekker gemonteer word.

Aan die beheerder is daar tot 8 lyne of pype met spuitstukke wat elk deur n operateur hanteer word.

Die beheerder maak gebruik van verstelbare tydsintervalle bv 650ms tussen elke sproei/spuit en dan ook n vooraf tydsinstelling van 250ms vir hoe lank die spuitkop moet oopbly vir die spesifieke volume wat gespuit moet word.

Ons het die spuit verder verfyn om ook nie te spuit indien daar nie n plant is nie. Verdere navorsing word gedoen sodat die spuit nie op tydsintervalle werk nie maar slegs sal spuit as hy die plant sien.

Indien u enige vrae het of belangstel in die ontwikkeling van enige soortgelyke beheerders, kontak Chris Pretorius by 012 8424102 gedurende werks-ure of e-pos: pretoriusc@arc.agric.za